



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 12 NOVEMBER 2014 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdl Y S Cox-Bruintjies
Rdh N J A Rust
Rdl M Z Abrahams

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl M Rangasamy open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

**3.1 KOMMISSIE VIR DIE HERSTEL VAN GRONDREGTE: VOORLEGGING DEUR ME
FATIMA ABRAHAMS AANGAANDE DIE HEROPENING VAN GRONDEISE (15/3/11)**

Die Wet op Herstel van Grondregte wat op 25 November 1994 afgekondig is, maak voorsiening vir restituisie of billike herstel aan mense en gemeenskappe wat van grondregte ontnem is ná 19 Junie 2013, as gevolg van voorheen rasdiskriminerende wette of praktyke en wat 'n eise by die Kommissie ingestel het.

Die sperdatum vir die indiening van eise was 31 Desember 1998. Die Wysigingswet op Herstel van Grondregte, 2014 het die datum vir die instel van grondeise verleng tot 30 Junie 2019.

Me Fatima Abrahams verduidelik die rol van die Kommissie en die kriteria waaraan 'n geldige grondeis moet voldoen. Me Abrahams versoek verder die hulp van die munisipaliteit met onder andere publieke deelname, opsoek van inligting van eienaar, beskrywing van eiendom, ens.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit belangrik is dat die grondeienaar direk van die grondeis in kennis gestel moet word, en dat daar nie verwag kan word dat die grondeienaar die kennisgewing in die koerante moet raaklees nie.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die bekendmaking van die inisiatief in beginsel ondersteun, en dat die volgende hulpverlening aan die betrokke departement aangebied word:
- beskikbaarstelling van die Raad se fasiliteite;
 - reël vir die betrokkeheid van die munisipale raad, wyksraadslid en gemeenskap by die bekendmaking van die inisiatief deur die betrokke departement op verskeie platforms;
 - reël vir die verspreiding van pamflette, kennisgewings, ens., maar nie deur middel van die munisipale nuusbrief nie;
 - hulp met beskrywing van eiendom, afhangende van die omvang daarvan en binne die administratiewe en finansiële vermoë van die munisipaliteit;
 - om as fasiliteerder op te tree om inligting/eise op die Raad se GIS op te soek en met landbouverenigings te kommunikeer;
- (b) Dat, soos beklemtoon deur die Uitvoerende Burgemeester, en met die oog op ontwikkeling, dit vir die Munisipaliteit baie belangrik is om te weet watter grondeise in die sy gebied is en dat daar verwag word dat die Kommissie telkens die Munisipaliteit hiervan in kennis sal stel.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 OKTOBER 2014

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Oktober 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU 5 NOVEMBER 2014 *[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5 NOVEMBER 2014

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5 NOVEMBER 2014

6.1.1 ITEM 6.1 (SIVIEL EN ELEKTRIESE DIENSTE): OOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN *AGRICO MACHINERY*: DAARSTEL VAN SPORTGROND, CHATSWORTH (17/9/2/2/2-2) (WYK 4)

'n Stormwater-vertragingstruktuur is deur Swartland Munisipaliteit op die Andragplaas opgerig om die jaarlikse oorspoeling in Vyfdelaand en omliggende erwe te beperk.

'n Aansoek is vanaf die vorige eienaar, mnr T Andrag, ontvang om die water wat in die struktuur agterbly vir landboudoeleindes aan te wend. Hieruit het 'n ooreenkoms, eers met die grondeienaar, Departement van Waterwese en Swartland Munisipaliteit en later slegs tussen die grondeienaar en die Swartland Munisipaliteit ontstaan.

Die ooreenkoms bepaal dat:

- (1) 'n rugbyveld deur Agrico aangebring en vir vyf jaar onderhou word;
- (2) die Munisipaliteit die grensheinings van 3 260 meter sal onderhou.

BESLUIT

- (a) Dat die ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en *Agrico Machinery* goedgekeur word;
- (b) Dat opdrag aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gegee word om samesprekings tussen die Swartland Munisipaliteit, *Agrico Machinery*, die sportforum en gemeenskap van Chatsworth aangaande die daarstel en gebruik van sportgronde te fasiliteer.

7. NUWE SAKE

7.1 MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/3)

CK Rumboll en Vennote is deur die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings aangestel om die Menslike Nedersettingsplan van Swartland Munisipaliteit te hersien.

Die Departement van Menslike Nedersettings verwag dat munisipaliteite 'n plan ontwikkel wat nedersettings in 'n volhoubare wyse sal voorsien in dorpe met voldoende sosio-ekonomiese geriewe en werksgeleenthede. Om hierdie doelwit te bereik word die plan verder gerig deur die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van die munisipaliteit.

Die Behuisingspyplyn wat as 'n korttermyn strategie in die plan vervat is, sal op 'n jaarlikse basis hersien word.

BESLUIT

- (a) Dat die gewysigde Menslike Nedersettingsplan in beginsel aanvaar word, onderhewig aan die finale goedkeuring van die Departement van Menslike Nedersettings;
- (b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die Behuisingspyplyn, onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die kommentare ontvang vanaf die wykskomitees en dat dit in ag geneem sal word met die jaarlikse aanpassing van die Behuisingspyplyn;

7.1/...

- (d) Dat daar kennis geneem word dat die Behuisingspyplyn jaarliks aangepas sal word met in ag neming van die DORA-toekenning aan die Raad en ander faktore en behoeftes wat verpligtinge op die Raad plaas;
- (e) Dat verder kennis geneem word van die versoeke van die Uitvoerende Burgemeester, naamlik –
- dat sodra die plan finaal deur die betrokke departement goedgekeur is, 'n werkwinkel met alle raadslede gehou sal word;
 - dat die Behuisingspyplyn uitgebrei word om ook voorsiening te maak vir diegene wat bo R3500 verdien, maar nie kwalifiseer vir 'n lening nie;
 - dat die waglyste hersien moet word;
 - dat die toekenningsbeleid hersien moet word, om spesifiek voorsiening te maak vir bejaardes.

7.2 SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID EN STRATEGIE AKSIEPLANNE (17/2/2)

Die strategiese aksieplanne wat voortspruit uit die Sosiale Ontwikkelingsbeleid is op 13 November 2013 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur met die versoek, onder andere, om op 'n jaarlikse basis terugvoering hierop te gee.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige terugvoering op die aksieplanne, sowel as aspekte waarop groter fokus geplaas gaan word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vordering wat gemaak is met die maatskaplike ontwikkeling aksieplanne;
- (b) Dat die gestremdhede-toeganklikheidsplanne die enigste aksieplan is met 'n finansiële implikasie;
- (c) Die die begroting van R30 000 toegewys word vir die gestremdhede-projek, en aangewend sal word om 'n omvattende ondersoek te doen om die omvang van gestremdhede in die Swartland munisipale gebied te bepaal en watter behoeftes bestaan om munisipale dienste en –personeel toeganklik vir hierdie persone te maak;
- (d) Dat die gestremdhede-toeganklikheidsplanne afgeskaal word om by die beskikbare begroting in te pas;
- (e) Dat 'n Vroeë Kinderontwikkelingsessie (VKO-sessie) gehou word met personeel en raadslede om rolle uit te klaar en 'n gemeenskaplike visie vir hulp aan VKO-programme te ontwikkel, ter ondersteuning van die grondwetlike mandaat (Grondwet van RSA 1996, Skedule 4B) van munisipaliteite vir kinderfasiliteite;
- (f) Dat 'n delegasie van die munisipaliteit vergader met eksterne rolspelers (Departement Maatskaplike Ontwikkeling en Weskus Distriksmunisipaliteit) om 'n volhoubare plan vir VKO-fasiliteite in die Swartland daar te stel.

7.3 BOUPLAN, ERF 9348, I M COETZEE (17/4/2/3)

Die bouplanaansoek van mnr I M Coetzee, erf 9348, gedateer 16 Julie 2013 het verval, aangesien mnr Coetzee nagelaat het om binne die 12 maande periode aan te dui dat die aansoek hernu moet word.

'n Skrywe is ontvang vanaf mnr Coetzee waarin beswaar aangeteken word teenoor die betaling van die volle bouplangelde teenoor die hernuwingsfooi.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die verslag ten einde te beklemtoon dat die onus op die eenaar berus, en nie die munisipaliteit nie, om kennis van aanvang van bouwerk te gee, en indien nie, die bouplanaansoek binne die voorgeskrewe tydperk te hernu.

7.3/...

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van mnr Coetzee se skrywe gedateer 15 Augustus 2014 en versoek, sowel as die skrywe van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste van 11 Augustus 2014 ter verduideliking van prosesse en interpretasie van tariewe soos deur die Raad bepaal;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste nie die bevoegdheid het om van die voorgeskrewe tariewe af te wyk nie;
- (c) Dat met inagneming en oorweging van die volgende dokumente,
- die bouregulasies 'n bepaling bevat dat 'n bouplan slegs vir een jaar geldig is en dat mnr Coetzee se bouplan ten opsigte van erf 9348 – wat op 16 Julie 2013 ingedien was – op 15 Julie 2014 verval het;
 - dat die kennisgewing van goedkeuring van 'n bouplan gedateer 17 Julie 2013 aan mnr I.A. Coetzee duidelik meld dat die bouplan goedkeuring, slegs vir een jaar geldig is; en
 - dat met inagneming daarvan sewe (7) persone sedert 1 Julie 2013, hulle bouplanne binne die een jaar geldigheidstydperk hernu het, teenoor die nul, dit duidelik blyk dat die redelike persoon wel bewus was en is van die reëling, veral nadat mnr Coetzee se kennisgewing ook die waarskuwingsbepaling bevat;

dit duidelik is dat die grondwetlike beginsel van regmatige en billike administratiewe besluitneming deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste toegepas is, deurdat:

- die beginsel van regsgeldigheid met verwysing na billike administratiewe handeling volvoer is;
 - die administratiewe handeling redelik was;
 - die administratiewe handeling deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste uitgevoer is, as synde die gedelegeerde (administrateur) en dat hy geen bevoegdheid het om van die tariewe of voorskrifte van die Wet op Bouregulasies, af te wyk nie;
 - die Direkteur: Ontwikkelingsdienste regtens gemagtig was om die spesifieke handeling of besluit uit te voer;
- (d) Dat daar met die besluit van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste volstaan word en dat die handeling wat volvoer is beskou word as voldoening aan die vereistes van die Administratiefreg en die grondwetlike beginsels van regmatige en billike administratiewe besluitneming.

7.4 HERSEELPROGRAM 2014/2015 (16/5/5/1)

Die volgende bedrae is beskikbaar vir die 2014/2015 finansiële jaar vir die herseelprogram, naamlik

- R6 550 000.00 : herseel van bestaande teerstrate
- R827 000.00 : herseel van Yzerfontein Haweblad
- R736 512.00 : onderhoud aan geproklameerde hoofpaaie.

Die beskikbare fondse is proporsioneel tussen die onderskeie dorpe in die Swartland munisipale area verdeel volgens die totale lengte teerstrate per dorp. Die spesifieke strate word geïdentifiseer met behulp van die Plaveiselbestuurstelsel tesame met visuele inspeksies. Hierdie stelsel prioritiseer die paaie volgens die klas pad en die bestaande toestand.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die herseelprogram soos aangeheg tot die verslag, goedkeur;

7.4/...

- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die herseelprogram voorlopig is, en afgeskaal kan word volgens die uitgawe aan voorbereidingswerke;
- (c) Dat, ten opsigte van Yzerfontein, die totale toedeling gebruik word vir die herseel van die haweblad, en indien gelde vanaf die Departement van Openbare Werke en Vervoer verkry word, dit toegewys word vir herseel van die strate in Yzerfontein.

7.5 AANSOEK OM OPRIGTING VAN 'N TELEKOMMUNIKASIE TORING EN – INFRASTRUKTUUR (15/4/6)

'n Aansoek is ontvang vanaf *Warren Patterson Stadsbeplanners* vir die oprigting van 'n telekommunikasietoring en –infrastruktuur te Abbotsdale.

Aansoek word terselfdertyd gedoen vir die huur van 'n perseel (groot ±84m²) by die reservoir op erf 1239, Abbotsdale vir die oprig van die 25 m hoë toring.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die uit-die-handverhuring van 'n ±84m² perseel by die Abbotsdale reservoir aan *Warren Patterson Stadsbeplanners* vir die installering van 'n sellulêre basisstasie en toerusting;
- (b) Dat 'n alternatiewe posisie vir die plasing van die toring met die Departement Ontwikkelingsdienste uitgeklaar word, en dat die aansoeker vanaf SANRAL goedkeuring moet verkry;
- (c) Dat die huurder by Eskom aansoek doen vir 'n elektriese aansluiting waarvoor 'n meter en meterkas benodig sal word;
- (d) Dat 'n huurtermyn van vyf (5) jaar vasgestel word;
- (e) Dat huurgeld R3500,00 per maand plus 14% BTW sal beloop, wat jaarliks met 6% sal eskaleer;
- (f) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word;
- (g) Dat die huurder verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;
- (h) Dat bogenoemde aspekte en voorwaardes vervat word in die huurooreenkoms tussen Munisipaliteit Swartland en *Warren Patterson Stadsbeplanners*;
- (i) Dat die munisipaliteit nie aanspreeklik gehou sal word vir enige uitgawe wat die instansie sou aangegaan het of moet aangaan om hulle netwerke op te rig nie;
- (j) Dat die koste verbonde aan die opstel van die ooreenkoms vir die rekening van die huurder sal wees;
- (k) Dat dit onder die aandag van die aansoeker gebring word dat indien 'n omgewingsimpakstudie kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998 vereis word, dit eers afgehandel moet word alvorens die huurooreenkoms gesluit sal word;
- (l) Dat die aansoeker die vereiste bouplanne by die Direkoraat Ontwikkelingsdienste sal indien vir goedkeuring, alvorens daar met die oprigting van die toring en verwante infrastruktuur 'n aanvang geneem mag word;
- (m) Dat die aansoeker 'n omgewingsvriendelike tipe toring voorsien wat sal bydrae tot 'n meer aanvaarbare omgewing.

7.6 AANSOEK OM OPRIGTING VAN 'N TELEKOMMUNIKASIE TOERING EN – INFRASTRUKTUUR (15/4/6)

'n Aansoek is ontvang vanaf *Warren Patterson Stadsbeplanners* vir die oprigting van 'n telekommunikasietoring en –infrastruktuur te Malmesbury.

Aansoek word terselfdertyd gedoen vir die huur van 'n perseel (groot $\pm 96\text{m}^2$) by die perseel van die Malmesbury Gholflklub op gedeelte van erf 327, vir die oprig van die 35 m hoë toring.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die uit-die-handverhuring van 'n $\pm 96\text{m}^2$ perseel by die Malmesbury Gholflklub aan *Warren Patterson Stadsbeplanners* vir die installering van 'n sellulêre basisstasie en toerusting;
- (b) Dat die huurder by die Departement: Elektriese Ingenieursdienste aansoek doen vir 'n elektriese aansluiting waarvoor 'n meter en meterkas benodig sal word;
- (c) Dat 'n huurtermyn van vyf (5) jaar vasgestel word;
- (d) Dat huurgeld R3500,00 per maand plus 14% BTW sal beloop, wat jaarliks met 6% sal eskaleer;
- (e) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word;
- (f) Dat die huurder verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;
- (g) Dat bogenoemde aspekte en voorwaardes vervat word in die huurooreenkoms tussen Munisipaliteit Swartland en *Warren Patterson Stadsbeplanners*;
- (h) Dat die munisipaliteit nie aanspreeklik gehou sal word vir enige uitgawe wat die instansie sou aangegaan het of moet aangaan om hulle netwerke op te rig nie;
- (i) Dat die koste verbonde aan die opstel van die ooreenkoms vir die rekening van die huurder sal wees;
- (j) Dat dit onder die aandag van die aansoeker gebring word dat indien 'n omgewingsimpakstudie kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998 vereis word, dit eers afgehandel moet word alvorens die huurooreenkoms gesluit sal word;
- (k) Dat die aansoeker die vereiste bouplanne by die Direkoraat Ontwikkelingsdienste sal indien vir goedkeuring, alvorens daar met die oprigting van die toring en verwante infrastruktuur 'n aanvang geneem mag word;
- (l) Dat die aansoeker 'n omgewingsvriendelike tipe toring voorsien wat inskakel by die Gholflklub omgewing.

7.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN GEDEELTE ERF 213, ABBOTSDALE (12/2/R) (WYK 7)

Die Departement van Openbare Werke is van voorneme om 'n kliniekgebou in Abbotsdale te bou.

Tydens 'n raadsvergadering gehou op 28 Augustus 2014 is meegedeel dat daar twee opsies beskikbaar is, naamlik Opsie A, gedeelte A (groot $\pm 1000\text{m}^2$) van erf 213, en Opsie B, gedeelte B (groot $\pm 800\text{m}^2$) van erf 213 en 141, Abbotsdale vir voormelde doeleindes.

7.7/...

Alhoewel die betrokke departement aangedui het dat Opsie B aan al hulle behoeftes voorsien, het die Raad aanbeveel dat daar met die departement onderhandel word om Opsie A aan hulle te vervreem.

Tydens onderhandeling op 3 November tussen verteenwoordigers van die Departement van Openbare Werke, sowel as die Departement van Gesondheid is daar ooreengekom om Opsie A te aanvaar, met dien verstande dat geringe uitleg-wysigings aangebring word. Hierdie wysigings is nodig om te verseker dat die gebou (wat $\pm 250\text{m}^2$ groot sal wees) sodanig geplaas sal word dat dit grotendeels noord front, om die sonpanele wat aangebring sal word vir kragopwekking, maksimaal te kan benut.

BESLUIT

- (a) Dat, met verwysing na die raadsbesluit van 28 Augustus 2014, daar kennis geneem word dat ingevolge die volmag verleen, daar met die Departemente van Openbare Werke en Gesondheid ooreengekom is rakende die vervreemding van 'n gedeelte van erf 213, Abbotsdale, synde 'n gedeelte groot $\pm 1010\text{m}^2$, soos aangetoon op Aanhangel B hierby;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die betrokke gedeelte grond vervreem word teen R90 900,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat daar voortgegaan word om uitvoering te gee aan die raadsbesluit met betrekking tot die advertering van die transaksie, asook die opstel van verkoopvoorwaardes, wat sal insluit dat die Departement Openbare Werke aanspreeklikheid aanvaar vir die betaling van alle kostes wat met die transaksie verband hou, ingesluit die hersonering van die eiendom.

7.8 HUUROOREENKOMS: MTN (15/4/6)

Die Raad verhuur gedeelte (groot $\pm 120\text{m}^2$) van erf 327 op die Klipkoppie te Malmesbury aan MTN vir doeleindes van 'n telekommunikasienetwerk.

Die huurtermyn verstryk op 31 Desember 2014.

BESLUIT

- (a) Dat die perseel op Klipkoppie, Malmesbury vir 'n verdere termyn van vyf (5) jaar aan MTN verhuur word vir die lewering van 'n telekommunikasienetwerk met ingang van 1 Januarie 2015;
- (b) Dat die Raad se voorneme in die pers bekend gemaak word in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die huurgeld jaarliks met 10% eskaleer in terme van die bestaande huurkontrak;
- (d) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;
- (e) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.9 ONDERSTEUNING VAN YZERFONTEIN FEES: 12 DESEMBER 2014 – 10 JANUARIE 2015 (10/1/R, 17/9/1/3, 17/10/1/2) (WYK 5)

'n Aansoek om hulpverlening is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat vir die tweede jaar die Yzerfontein-fees sal reël vir die tydperk 12 Desember 2014 tot 10 Januarie 2015.

Die detail van die versoeke tot hulpverlening is vervat in die verslag tot die sakelys.

7.9/...

BESLUIT

- (a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word as gevolg van verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;
- (b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat die versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo goedgekeur word.

7.10 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM OP RIEBEEK KASTEEL (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n klein buitegebou geleë op gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel aan Riebeek Cellars op 'n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die stoor en koelhou van hul wyne.

Die huurtermyn verstryk op 30 November 2014.

BESLUIT

- (a) Dat die buitegebou geleë op 'n gedeelte van erf 147, Riebeek Kasteel uit-die-hand-uit vir 'n verdere termyn van 12 maande aan Riebeek Cellars verhuur word vir doeleindes van stoor van wyn;
- (b) Dat die huurgeld verhoog word na R162,00 plus 14% BTW per maand;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.11 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Me C Alberts huur die buitegeboue op erf 3432, Moorreesburg op 'n jaar tot jaar basis vanaf die Raad vir stoordoeleindes.

Die huurtermyn verstryk op 30 November 2014.

BESLUIT

- (a) Dat die voormelde huurperseel vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2014 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van 'n stookkamer;
- (b) Dat die huurgeld na R220,00 plus 14% BTW per maand verhoog word;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

7.12 VOORLEGGING VAN VERSKEIE KONSEP VERORDENINGE (1/1)

'n Tender is in Junie 2014 toegeken om 'n aanvang te neem met fase II van die projek om die munisipaliteit se verordeninge en beleide te hersien – en waar nodig – nuwe verordeninge op te stel.

Die konsep verordeninge sluit die volgende in:

- (1) Verordening insake Luggehalte
- (2) Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens
- (3) Verordening betreffende die Indiening van Bouplanne
- (4) Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop
- (5) Verordening insake Oordrag van Bates asook Beleid insake Oordrag van Bates
- (6) Verordening insake Skut van Loslopende Diere

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die konsep verordeninge soos gelys in die verslag aan die Raad op 27 November 2014 vir beginsel goedkeuring voor te lê;

7.12/...

- (b) Dat die konsep verordeninge na afloop van die raadsvergadering vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;
- (c) Dat, op versoek van die Uitvoerende Burgemeester, 'n werkwinkel met alle raadslede gereël word na afloop van die beginsel goedkeuring deur die Raad om die konsep verordeninge se inhoud deur te werk;

7.13 HUUROOREENKOMS: SWARTLAND MUNISIPALITEIT/MALMESBURY RUGBYVOETBALKLUB (K2/1/2)

'n Gedeelte van die Dieprivier sportfasiliteite, wat insluit die rugbyveld en rugbypawiljoen asook 'n gedeelte van die Nicolaas Rust Sportsentrum, word tans ingevolge 'n ooreenkoms wat op 1 Oktober 2012 'n aanvang geneem het en op 31 Desember 2015 sal verstryk, aan die Malmesbury Rugbyvoetklub verhuur.

'n Skrywe is op 4 November 2014 van die Malmesbury RVK ontvang, waarin aansoek gedoen word om die ooreenkoms te hernu.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van 'n versoek van die Malmesbury Rugbyvoetbalklub vir die verlenging van die bestaande huurooreenkoms ten opsigte van die Dieprivier-fasiliteite;
- (b) Dat die aansoek nie goedgekeur word nie, en daar volstaan word met die huidige huurooreenkoms wat op 31 Desember 2015 verstryk, vir die volgende redes:
 - (1) die Raad ten opsigte van die sportfasiliteite onder sy beheer die benadering volg dat daar eerder kort- as langtermyn-huurooreenkomste in plek gestel moet word, om beter beheer oor sy geriewe te bewerkstellig;
 - (2) die beskikbaarstelling van die geriewe op lang termyn vir die eksklusiewe gebruik van 'n bepaalde klub, in hierdie geval die Malmesbury Rugbyvoetbalklub, die visie van die Raad om die integrasie van klubs en die geïntegreerde gebruik van sportfasiliteite ten behoeve van almal in die gemeenskap te bevorder, mag ondermyn;
 - (3) dat die Raad die aangaan van 'n nuwe huurooreenkoms en die termyn wat daaraan gekoppel sal word, sal oorweeg binne die opsieperiode soos in die lopende huurooreenkoms voorsien.

7.14 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING, EN DIE AFSKRYWING VAN VERSEKERINGSEISE ITEM WAT VERNIETING MOET WORD (6/1/3)

'n Lys is tot die sakelys gesirkuleer van alle uitgediende bates wat per openbare veiling verkoop moet word, sowel as 'n lys van versekeringsseise vir die 2013/2014 finansiële jaar en bates wat vernietig moet word en wat nie op 'n openbare veiling verkoop mag word nie.

Daar word beoog om die openbare veiling op 27 November 2014 te hou.

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op departementshoofde om goedere wat nie opgeveil gaan word nie, maar wat tussen departemente verskuif word, voortydig aan te dui, sodat dit nie op die veilingslys verskyn nie.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die bygaande lyste ten opsigte van elke Departement goedkeur vir die verkoop van uitgediende bates per openbare veiling en die afskrywing van versekeringsseise, asook bates wat nie op die veiling verkoop mag word nie (bv. verkeerstoerusting soos sirenes, blouligte en datumstempels), onderhewig daaraan –
 - (1) dat die Nissan Cabstar, CK38172, onttrek word om deur die Direkteur: Beskermingsdienste omgeskakel te word na 'n brandweervoertuig;

7.14/...

- (2) dat die sleepwaens wat nie na die veiling verwys is nie, in veilige bewaring vir volgende jaar se veiling gehou word wanneer nuwe sleepwaens ontvang word, ten einde te verseker dat dit nie gevandaliseer word nie.

7.15 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

'n Verslag aangaande die uitstaande versekeringseise moet ingevolge die Batebestuursbeleid maandeliks aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die die aantal uitstaande versekeringseise, sowel as die kommentaar daarop.

7.16 UITSTAANDE DEBITEURE – OKTOBER 2014 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk Oktober 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2014.

7.17 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: VOORSIENING VAN VULLISVERWYDERING SAKKE AAN DEERNISHUISHOUDINGS (8/1/B)

Die inwoners van Ilinge Lethu en Phola Park het in die versoekskrif met die protesoptog van 29 Mei 2014 aangedui dat gratis vullisverwyderingsakke en "wheely bins" voorsien moet word.

Ten einde so spoedig as moontlik aan die versoek gehoor te gee, het die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder besluit om met ingang van 1 Oktober 2014 vyf gratis vullisverwyderingsakke aan alle deernishuishoudings te voorsien.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versoek word om die aksie van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in hierdie geval toe te laat in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid;
- (b) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word, vanweë;
- (i) die dringendheid van die eise soos deur die inwoners van Ilinge Lethu en Phola Park gestel in die versoekskrif wat op 29 Mei 2014 aan die Burgemeester en Munisipale Bestuurder oorhandig is.
- (c) Dat daar verder kennis geneem word dat die formele tenderprosedure intussen gevolg is en aan *Sakhikhaya Suppliers* toegeken is vanaf November 2014 tot Junie 2017, 'n tydperk van 32 maande, welke uitgawe ten bedrae van R1 123 200 (BTW uitgesluit) ook toegewys sal word na posnommer 65 74 52 00 1342;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R43 264.56 (BTW uitgesluit) teen posnommer 65 74 52 00 1342 gedebiteer word ten opsigte van die uitgawe wat verband hou met Oktober 2014 se uitgawe;
- (e) Dat daar in die Meerjarige Bedryfsbegroting voorsiening gemaak sal word vir hierdie uitgawe;
- (f) Dat daar met groot erns kennis geneem word dat versoeke ontvang is by die munisipaliteit vanaf gemeenskapsleiers dat daar ook gratis vullisverwyderingsakke aan "back yard dwellings" voorsien moet word. 'n Opname het getoon dat daar

3 332 van hierdie sogenaamde “back yard dwellings” in die hele Swartland munisipale gebied is, en indien die Raad sou voldoen aan hierdie versoek, dit ‘n verdere finansiële implikasie van ±R155 604 per jaar behoort. Uitgesluit van hierdie berekening is die Deernishuishoudings wat moontlik deel van die toekomstige laekoste behuising gaan wees, asook 591 huishoudings (R27 660 per/jaar) wat tans in proses is vir llinge Lethu en Phola Park;

- (a) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die aankoop van die vullissakke kan voortgaan en die handeling dienooreenkomstig kondoneer word;
- (b) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: DEURLOPENDE AANSTELLING VAN MUBESKO AFRICA – VERLENING VAN HULP AAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT MET DIE DAARSTELLING VAN ‘N LANGTERMYN FINANSIËLE PLAN, STANDAARDE, INSTANDHOUDING VAN DIE “BUDGET REFORMS” EN SCOA (STANDARD CHART OF ACCOUNT) (8/1/B)

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik die betrokkeheid van *Mubesko Africa cc* by die munisipaliteit, wat insluit die opstel van ‘n langtermyn finansiëleplan, met gepaardgaande finansiële beleide en standaarde, hulp met voldoening aan die “budget formats/reforms” en leiding met SCOA (Standard Chart of Accounts) vir implementering met ingang van 1 Julie 2017.

BESLUIT

- (a) Dat toestemming verleen word vir ‘n afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures met die aanstelling van *MUBESKO AFRICA cc* en wel om die volgende redes:
 - (i) Dat *MUBESKO AFRICA cc* reeds die standaard program ontwikkel het wat ‘n goeie koppeling sal wees aan ‘n langtermyn finansiële plan; en
 - (ii) Dat *MUBESKO AFRICA cc* tans betrokke is by Knysna munisipaliteit wat een van die “pilot” munisipaliteite is wat ook dieselfde finansiële stelsel (R-data) gebruik as Swartland en omdat hul reeds die agtergrond van Swartland Munisipaliteit ken;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat *MUBESKO AFRICA cc* aangestel word en dat die handeling dienooreenkomstig kondoneer word;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 VASTE BASIESE VERGOEDING VIR VENDORPUNTE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED, ASOOK VERGOEDING AAN GESELEKTEERDE VENDORPUNTE VIR DIE UITDEEL VAN VULLISVERWYDERINGSKASSE AAN DEERNISHUISHOUDINGS (5/8/10)

Met die herstrukturering van vergoeding aan vendorpunte is besluit om nie ‘n vaste basiese vergoeding te betaal nie, met die gevolg dat baie Vendorpunte aangedui het dat hulle nie bereid is om die diens namens die munisipaliteit te lewer nie.

Die praktyk het verder getoon dat daar ‘n behoefte in Malmesbury is om ‘n 24-uur vendorpunt daar te stel.

Die Vendorpunte/...

7.19/...

Die Vendorpunte is die enigste fasiliteit wat behulpsaam kan wees met die uitdeel van gratis vullisverwyderingsakke aan deernishuishoudings waar daar nie kassierspunte is nie.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir 'n vaste basiese vergoeding aan Vendorpunte van R500 met ingang van 1 November 2014;
- (b) Dat die vaste basiese dienslewingsfooi aan die Vendorpunte jaarliks sal eskaleer met die verbruikersprysindeks gebaseer op die voorafgaande jaar se gemiddelde VPI van toepassing in die maand waarop die ooreenkoms sy verjaring bereik;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat die munisipaliteit 'n vaste basiese dienslewingsfooi van R2 500 per/maand aan Quick Shop betaal vir 'n 24 uur dienspunt, en dat hierdie diensfooi elke 3 jaar sal eskaleer met die verbruikersprysindeks gebaseer op die voorafgaande jaar se gemiddelde VPI van toepassing in die maand waarop die ooreenkoms sy verjaring bereik;
- (d) Dat die kommissiestruktuur van 2,5% op voorafbetaalde elektrisiteitsverkope en 1% per munisipale rekening met 'n maksimum van R4,45 BTW uitgesluit, goedgekeur word, welke tarief R3,40 + BTW was op 12 September 2012;
- (e) Dat die Raad verder kennis neem dat die ondersoek om voorafbetaalde elektrisiteit op krediet aan voorafbetaalde elektrisiteitsverbruikers te verskaf, tans in proses is en die moontlikheid bestaan dat indien dit suksesvol geïmplementeer sou kon word, die Raad 'n aansienlike bedrag aan kommissie gaan bespaar. Die Direkteur: Finansiële Dienste sal die Raad op hoogte hou met die vordering van hierdie aangeleentheid.

7.20 ONTVANGS VAN DIE VOLGENDE MEMORANDUMS TYDENS DIE OPTOG VAN 31 OKTOBER 2014: (1) MEMORANDUM VAN BAWUSA AANGAANDE PLAASUITSETTINGS; EN (2) SACP: *OUTLINING THE PLIGHT OF THE WORKING CLASS* (14/2/1/1)

Die memorandums wat onderskeidelik ontvang is vanaf Bawusa en die SAKP tydens 'n protesoptog op 31 Oktober 2014 te Moorroesburg is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag bevat volledige kommentaar op elke versoek wat in die memorandums gerig is, wat as die formele standpunt van die Munisipaliteit beskou kan word.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die memorandums wat onderskeidelik vanaf Bawusa en SAKP ontvang is;
- (b) Dat daar eweneens kennis geneem word van die kommentaar wat verskaf is en dat die kommentaar aanvaar word as die munisipaliteit se formele standpunt;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat Bawusa en die SAKP se memorandums beantwoord word ingevolge die kommentaar wat gelewer is.

7.21 GEBRUIK VAN RIEBEEK-WES STADSAAL (17/9/B)

Daar word al vir etlike jare probleme ondervind met die gebruik van die Riebeek-Wes Stadsaal, deurdat voortdurende klagtes ontvang word vanaf die omliggende inwoners van geraasoorlas en ander misbruike.

BESLUIT

- (a)/...

7.21/BESLUIT/...

- (a) Dat kennis geneem word van die klagtes rakende geraasoorlas en misbruik van die Riebeek-Wes Stadsaal wat aanleiding gegee het tot 'n moratorium wat vanaf bestuursvlak geplaas is op die gebruik van die geriewe deur die sportklubs vir die hou van danse/disko's;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar op 6 November 2014 in hierdie verband met die Good Hopes Rugbyklub vergader is;
- (c) Dat daar vir die huidige met die gemelde moratorium volstaan word, tot tyd en wyl
- (1) kennisgewingborde wat drankgebruik asook harde musiek/geraas verbied op die buiteperseel van die stadsaal asook op die gronde van die aanliggende openbare park aangebring is, en
 - (2) daar oor gepaste beheermaatreëls besluit is om 'n misbruik van die geriewe in die toekoms te verhoed;
- (d) Dat die Direkoraat Beskermingsdienste opdrag gegee word om die aanbring van die gemelde kennisgewingborde so gou doenlik te finaliseer, na aanleiding van SAPS se aanduiding dat dit hulle in die posisie sal stel om vervolging van oortreders te bewerkstellig;
- (e) Dat die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste opdrag gegee word om die aanbring van "Rook Verbode" borde, ingesluit die verbod op die rook van "okkapyne", in die saal te reël;
- (f) Dat die bestuurspan getaak word om te besin oor toepaslike gebruiksvoorwaardes om beter gedrag en beheer by die Riebeek-Wes stadsaal te bewerkstellig indien die moratorium ophef sou word, welke maatreëls moontlik mag insluit -
- die implementering van verhoogde deposito's en tariewe ten opsigte van sportklubs;
 - die inkorting van gebruiksure; en/of
 - die benutting van bystandspersoneel om die toesluit en monitering van geriewe na afloop van funksies te behartig;
- (g) Dat langtermynoplossings rakende die daarstel van alternatiewe saalfasiliteite elders, hetsy by die skougronde of by die bestaande rugbygronde, op bestuursvlak ondersoek word, onderhewig aan gemeenskapsdeelname;
- (h) Dat Good Hopes Rugbyvoetbalklub van die besluit in kennis gestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER